MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

# HERSTRUKTURERING VAN MENLO SE SOSIALE MEDIA

Goeiedag alle oud-Parkies en vriende van Menlo!

Ons skool is 63 jaar oud. 'n Kosbare erfenis wat bewaar en gekoester moet word vir dié van ons wat reeds op die Menlo-skoolbanke gesit het maar ook vir dié Menloparkers wat nog op die stoepe gaan loop.

Baanbrekerswerk om die alumni van die skool bymekaar te bring en betrokke te hou by die skool se doen en late is oor 'n lang tydperk reeds gedoen. Oor die jare was daar baie energie ingestoot en wonderlike resultate is behaal met die *Menlo Alumni Assosiasie* asook die wonderlike werk van die *Oud-Parkie kantoor.* Dit is nou meer belangrik as ooit tevore dat ons voortbou op hierdie werk en die erfenis van ons skool, Die Hoërskool Menlopark, bewaar. Dis om hierdie rede dat die Menlobond in 2019 tot stand gebring is. Die Menlobond is 'n onafhanklike nie-winsgewende organisasie wat deur 'n grondwet gelei word vir die bewaring van die Menlo-erfenis.

Oor die jare het **sosiale media** 'n integrale rol gespeel en Facebook was instrumenteel. Soos wat Facebook oor die jare tegnologies aangepas en ontwikkel het moes sekere groepe en profiele gedaante verwissel en sodoende het daar baie verskillende Menlopark alumni profiele, groepe en blaaie ontstaan, elkeen met 'n unieke karakter en eiesoortige styl. Een gemeenskaplike doel was wel altyd konstant – die saambring van almal wat lief is vir Die Hoërskool Menlopark!

Die Menlobond is in noue samewerking met die skool se bestuur en een van die reuse take waarmee ons tans besig is, is die konsolidering van al hierdie groepe, profiele en blaaie onder een Menlobond-vaandel.

Ons versoek alle oud-Parkies en vriende wat aan hierdie groepe, blaaie of profiele behoort om asseblief die Menlobond-blad te "Like" en ook aan te sluit by die blad se Menlobond Groep, as jy sou wou, om sommer lekker onder mekaar te gesels. Die plan is dan om mettertyd al die ander groepe, blaaie en profiele onaktief te maak en net voort te gaan met die Menlobond-blad en –Groep.

Versprei dus die woord en help ons met hierdie reuse taak! Sodoende kan inligting effektief en eenvormig aan u deurgegee word sodat ons as oud-Parkies en vriende van Menlo uit een mond kan saam praat.

Vir diegene wat bietjie meer oor die Menlobond wil weet volg asseblief die volgende skakels en lees gerus verder:

- Facebook: fb.me/Menlobond
- Instagram: @menlobond
- Webblad: www.menlobond.co.za
- Databasisportaal: menlobond.alumnet.co.za

DIE MENLOBOND IN 'N NEUTEDOP

Misie

Die Menlobond is 'n geïntegreerde entiteit wat daarna streef om deur middel van doelgerigte kommunikasie en deelname, die alumni en vriende van Die Hoërskool Menlopark met die skool te verbind en 'n plek te bied vir alle oud-Parkies en vriende.

Visie

Om die verlede te bewaar, die hede te koester en die toekoms van Die Hoërskool Menlopark te verseker.

Waardes van die Menlobond

Respek, Integriteit, Lojaliteit, Ywer

Slagspreuk

Menlo vir altyd!

Verskillende fasette van die Menlobond

- AANLYN-DATABASIS. Die Menlobond bestuur die aanlyn databasis en alle sake van die Menlo-alumni en Vriende van Menlo.
- KOMMUNIKASIE. Behartig kommunikasie tussen die skool, Menlo-alumni en die Vriende van Menlo om sosiale- en netwerkinteraksie te bevorder.
- SKOOL. Identifiseer bepaalde kapitaalprojekte van die skool en fasiliteer donasies wat daarvoor aangewend word.
- GEMEENSKAP. Fasiliteer die *Menlo Foundation* wat die befondsing van leerders met uitdagende omstandighede hanteer.

Hoekom moet ek aansluit by die Menlobond

Dit is 'n geleentheid om in kontak te bly met die skool en sodoende sy unieke erfenis, kultuur en geskiedenis vir toekomstige generasies te help bewaar en verseker. Jou jaarlikse ledegelde word o.a. aangewend tot spesifieke kapitaalprojekte wat deur die Menlobond geïdentifiseer word.

## Wat maak die Menlobond uniek

Die Menlobond is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie wat deur 'n grondwet gelei word. Dit bestaan uit Menlo-mense wat die Menlo-manier verstaan. Ons glo dat dit nie oor ons as individue gaan nie maar oor die voortbestaan van die skool waarvoor ons almal omgee – nie ONS nie maar MENLO! Ons stel 'n platform daar vir diegene wat wil deel wees van die voortbestaan van die Menlo-erfenis. Alle fondse word uitsluitlik aangewend tot die verbetering en behoud van Die Hoërskool Menlopark en sy mense.

## Hoe kan ek betrokke raak by die Menlobond

- Sluit aan by die Menlobond deur een van drie lidmaatskapopsies te kies
- Deur aan te sluit gee dit jou toegang tot die unieke Menlobond klerereeks wat eenheid en eenvormigheid gee aan ons lede
- Skakel in by die sosiale media platforms (Facebook en Instagram) van die Menlobond
- Registreer op die Menlobond-databasis en dateer gereeld jou kontakbesonderhede op
- By sleutelgeleenthede, word daar 'n Menlobond-area geskep waar alumni en vriende mekaar kan ontmoet en gesellig verkeer. Daar is dus altyd 'n plek by Menlo vir jou!
- Jou lidmaatskapkaart bied aan jou sekere voordele
- Jou skenkings en donasies word professioneel hanteer en aangewend tot spesifieke kapitaalprojekte wat deur die Menlobond bepaal word. Jy ontvang ook 'n belastingsertifikaat vir jou skenking. Terme en voorwaardes geld
- Donasies aan die *Menlo Foundation* bied die geleentheid vir iemand wat graag 'n Menloparker wil wees en nie noodwendig dit sou kon bekostig nie. Hierdeur ondersteun jy jeugontwikkeling van die land en ploeg jy terug in Suid-Afrika.

Vir enige verdere inligting kontak die Menlobondkantoor by die skool op 078 727 4647 of menlobond@menlopark.co.za.

Menlo vir altyd!